

Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

Die grootste in die Koninkryk

Koninkrykskinders in verhouding met mekaar en met God

Skriflesing: Mat 18:1-14;
Mark 9:33-37; Luk 9:46-48

Sing:

Lied 203:1,3
Ps 9-1:1
Ps 34-1:6
Sb 16-1:1-3
Sb 2-4:1
Lied 188:1,3
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Nicoline Wattel
Klank: Thinus Smuts
Prediker: Ds Gerrit Kruger

Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel? Hierdie is 'n vraag waaroor selfs die dissipels gestruikel het. Wie van hulle was die belangrikste? Daarom gaan hulle na Jesus toe met hierdie vraag. Jesus antwoord hulle, maar met 'n totaal ander antwoord as die wat hulle verwag het. Jesus openbaar wie die belangrikste is in die koninkryk van God.

Ons gaan na drie sake kyk...

- Wie mense dink is die belangrikste!
- Wie Jesus sê is die belangrikste!
- Wat ons moet doen om die belangrikste te wees!

SONDAGAAND 18:00

God toets jou onvoorwaardelike en volkome oorgawe en diens aan Hom

Skriflesing: Deut 13;
Op 13

Teksvers: Deut 13:1-4;
Op 13:8

Sing:

Ps 135-1: 1,2
Ps 135-1:3,8
Ps 135-1:9,11
Sb 1-1:1,2,7
Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Jaco Wattel
Klank: Jan Reesink
Prediker: Ds Paul vd Berg

In Deuteronomium 13 waarsku die Here teen mense wat beweer dat hulle sogenaamde profete is wat die wil van die Here kan openbaar en selfs drome kan uitlê. Hulle sal na die gelowiges toe kom en vir hulle vertel van tekens of wonders wat die Here vir hulle gegee het om te openbaar. Hierdie mense kan volgens Openbaring 13 selfs met mag en krag optree dat hulle werklik geloofwaardig is. Van hulle voorspellings, tekens en wonders kan selfs werklik gebeur. Die toets of die mense wel van die Here is, sal wees in dit wat hulle vir jou vertel. Sodra so 'n persoon vir jou egter sou sê: "Kom ons gaan dien ander gode al het jy hulle nie vroeër geken nie, al het ons hulle nie vroeër gedien nie, moet jy nie na hom luister nie." Die Here jou God is dan besig om jou op die proef te stel om vas te stel of jy Hom werklik liefhet met jou hele hart en siel en met al jou krag. Die Heilige Gees sal elkeen wat in Jesus Christus glo (die uitverkorenes), lei om hierdie amper geloofwaardige dwalings in die Naam van die Here te kan teenstaan.

Mag jy net die Here alleen ken, dien en aanhang elke dag.

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 44 Nr 38 10 November 2019

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



DROOGTEHULP IN DIE NOORD-KAAP

Soos u bewus is heers daar 'n erge droogte in groot dele van die Noord-Kaap. 'n Afvaardiging van SDDS het groot dele in die Noord-Kaap gaan besoek om met gemeentes en boere in daardie gebiede kontak te maak, ten einde vas te stel op welke wyse die kerke kan help. Hulp is dringend nodig vir water, voer, brandstof, arbeiders, kos, klere, skoolgelde, brandstof, krag ens.

Die impak van die droogte is so geweldig dat boere gedwing was om die meeste van hulle vee teen baie lae pryse te verkoop. Die bietjie vee wat oor is word tans byna voluit gevoer om hulle aan die lewe te hou.

Die dringender nood lê egter by die huis. As gevolg van die langdurige droogte is baie van die boere se kontantvloei totaal uitgeput. Dit raak 'n stryd om kinders op skool en in die koshuis te hou. Die afstande wat baie van hierdie boere moet aflê om hulle kinders by goeie skole te kry raak ook te groot en baie moes noodgedwonge hulle kinders uit dié skole haal, omdat die uitgawes aan vervoer en losies nie meer bygebring kan word nie.

Graag deel ons ook die vreugdes met u. Ondanks die omstandighede heers daar 'n moedigheid en kameraadskap. Dit het ons nederig gemaak om te sien hoe dankbaar hierdie boere in die Here is. Ons vra ook voortdurende voorbidding!

Dit is vir ons verblydend om te kon opmerk dat die fondse wat ons reeds beskikbaar gestel het met groot sorgvuldigheid beheer en met wysheid bestee word. Die nood is werklik groot en dringend. Wees verseker dat elke bietjie hulp, hoe gering dit ookal mag wees, werklik 'n impak het.

U word vriendelik versoek om die nood in u gemeente bekend te maak. Waar lidmate dit in hulle harte vind om ook 'n bydrae te maak om die nood te verlig, versoek ons vriendelik dat diakonieë enige bydraes na die volgende rekening sal oorplaas:

Rekeningnaam: SDDS
Rekeningnommer: 3330141750;
Takkode: 632005;
Verwysing: Droogtehulp

U broeder in Christus
Ds Fritz Potgieter (Geref. Kerk Bloem.Suid)
Voorsitter: SDDS (*Brief verkort. 31 Okt 2019*)

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Do** 08:00 - 13:00

Telefoon: 012 664 2614

Basdenlaan 226

Epos: Kerkkantoor—kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Lyttelton

0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055



DIENSBEURTE: Ouderlinge: Jacques Myburgh

Alethea: Hein Venter

Diaken: Bertie v Jaarsveld

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die eredienste voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKATIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad ([gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za))

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Hersiening Les 19-25 Sb 10-2:1

Volgende week: Afsluiting

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters

Bank: ABSA Lyttelton

Takkode: 632005

Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr



VERJAARSDAE

“...U sorg vir my.” Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

10-Nov	Lourens	de Beer	C10	27834472191
	Tertius	Horak	B14	27829256215
	Anton	Smith	B10	27828563704
	Piet	van Rooyen	B10	27824538446
11-Nov	Koos	Lessing	B04	27769081993
12-Nov	Johan	De Jonge	A14	27824772126
	Selenta	Hamman	C02	664 3322
	Emmie	Havenga	B14	27723799365
	Huibie	Stavast	C09	27825703079
	Bettie	Venter	A15	27732013756
13-Nov	Amanda	Brink	A15	27815691530
	Heila	van Wyk	C02	27833163781
14-Nov	Quinten	Bye	C05	27845066367
	David	Faber	C07	27825684827
16-Nov	Rita	Smaal	A13	27832590081
	Nico	vd Westhuizen	C15	27767805711

DOOPLIDMATE

10-Nov	Christian	Boon	B18	27824114015
12-Nov	Shanike	Bessinger	B09	27827718119
13-Nov	Minette	Yaffe	C09	27721584590
14-Nov	Christo	van Wyk	B15	27766487423

Boskop: Tiener-seilkamp

29 November tot 1 Desember

Alle tieners (ook hierdie jaar se Gr. 6e) en hul **ouers** en enige ander belangstellendes word uitgenooi om saam te gaan kamp by Boskopdam Seiljagklub (12 km buitekant Potchefstroom). Jy kan met of sonder jou ouers kom. Ons gaan vir 3 dae seil, roei, swem, speletjies speel, lekker eet en om die kampvuur kuier en lekker sing en sommer baie vriende maak.

Koste: R300pp.

Skakel ds Gerrit nie later as 11 Nov 2019 by 082 964 5595 indien jy wil bywoon

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die eredienste is in die kombuis opgeplak.



10 Nov	C08	Marietjie Smit
	C09	Marique le Roux
	C10	Minnette de Beer
17 Nov Oggend	A01	Elize van der Berg
	A02	Esther Hoffman
	A03	Magda vd Schyff
	A06	Heidi van der Walt
17 Nov Aand	C12	Christi Venter
	C14	Annemarie van Wyk
	C15	Franza van Niekerk

Gemeente-ete

Op Sondag, **24 November 2019** vier ons die laaste Nagmaal van die jaar en neem ons terselfdertyd afskeid van Ds Paul en Anette vd Berg. Oudergewoonte eet die gemeente saam. Die diakonie verskaf die vleis en die susters sal reël vir slaai en nagereg. Dit is belangrik dat die diakonie weet hoeveel mense die ete sal bywoon, daarom word etekaartjies vir die Nagmaalsete beskikbaar gestel. Kom haal gerus jou etekaartjie af onder die Olyfboom. Bring asseblief enige nie-bederfbare produk of skryfbehoeftes saam as jy jou etekaartjie kom haal. Hierdie skenkings is ten bate van die diakonie se projekte in Steynsburg en Eljada Huis. By die kerkdeure is daar lyste aangebring met voorbeelde van benodigdhede. Gaan kyk gerus en skaf iets aan vir iemand in nood.

BEROEPE AANVAAR

- Ds RA Bain (Ronald) van GK Potchefstroom na GK Oranjerivier
- Ds MH Le Roux (Marco) van GK Newcastle na Reitz/Lindley-kombinasie

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (664-0685) centurionflorist@discovery.mail.co.za.

Bouplanne—Skakel Tertius Horak by 082 925 6015 vir enige argitekswerk wat u nodig. Nuwe geboue, aanbouings en bouplanne insluitend Stadsraad goedkeurings.

Rusoord—konsert met Demi Lee Moore Duo—15 Nov om 18:30 te Sorex Estate (Kings's Hall) R150pp. Besprekings: Webtickets.

Gesoek tuinwerk vir 2 dae vir een van ons karretjie mense. Hy is besonder betroubaar, gedissiplineerd, hardwerkend en verseker 'n bekeerde Christen. Kontak Hein Venter 083 357 6141/Hennie vd Walt 082 927 4326

ELJADA HUIS

Eljada Huis se koskaste is leeg en die kos kom baie stadig in ook uit ander gemeentes agv die ekonomiese omstandighede.

Ons sal eersdaags behoeftes per gesin ontvang vir die Desember vakansie. Gk Centurion maak gewoonlik 'n paar gesinne se kospakkies op en voorrade wat kort word aangekoop uit die kontantskenkings.

Indien u graag self 'n gesin wil "borg" deur die gesin se kospakkie op te maak kan u my asseblief kontak. Ek sal, sodra die lyste beskikbaar is, dit aan u verskaf waarna u dan 'n gesin kan kies.

Stuur enige navrae: petraswa@gmail.com / 082 927 7324.

Vakatures by CCL (2020): Gr 3 en Intersen Fase

Vereistes:

- Onderwys-ervaring en SACE-registrasie
- Voorkeur aan ervaring in Christelike onderwys
- Voorkeur aan reformatoriese kerkverband

Stuur CV na skool@LSCenturion.co.za voor of op 11 November 2019

Senior Aksie

Ons het gekom by die laaste funksie van 2019 – ons afsluit-ete.

Kom **Maandag**, 11 November 2019 om **12:00** vir 'n gesellige kuier en saam-eet in die saal.

Lede en gaste wat gaan bywoon moet asb hul name voor Donderdag, 7 Nov 2019 by Albie Venter, Ansie van Dyk, Hennie Lee of Ina Nel opgee en die nodige bedrae betaal.

Lede R10.00pp, gaste R150.00pp.

Dit is ook die laaste geleentheid om 'n vrywillige bydrae vir Eljada Huis te maak.



Metode om tot die **2 Miljoen Bybels-projek** by te dra:

1. Plaas jou bydrae in een van die kassies by die deure.
2. Betaal jou skenking per EFT in die GK Centurion se bankrekening met verwysing; *Bybelgenootskap*

KATKISASIE AFSLUITING 17 NOVEMBER 2019

Alle katkisanter (klein en groot) en hulle ouers word hartlik uitgenooi na 'n braai direk na die katkisasie-afsluiting op Sondag, 17 November. Ons verskaf boereworsrolletjies en 'n "slip & slide".

Plek: Parkeerterrein

Bring saam: Drinkgoed, stoele, sonbrandroom, swemklere en handdoek.

Kontak Santie Coetzer (072 589 9448) vir meer inligting.



Ons gee om vir Mekaar

"...die Here sal my onder sy sorg neem." Ps 27:10



- Braam Aucamp ontvang behandeling (A2—072 318 3825).
- Wim Grobler gaan gedurende die week toetse ondergaan (B16—664 3040).
- Mariki Lessing het toetse ondergaan (B4—654 7263).
- Luit Bakker sukkel met sy gesondheid (B21—072 200 9778).

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Geluk

Dries en Bets Roos, hul dogter Marlet trou op 30 Nov met Philip Schutte en hul seun, Andries het verloof geraak.

SPESIALE KOLLEKTE

Droogtehulp vir die Noord-Kaap

17 November 2019
tydens die oggend-erediens

Alethea Ministry 11:00

Worship Service

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Sotho-bediening



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Droogtehulp vir Noord-Kaap

Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis